

Ek werk met tieners... ek glo dit is God se roeping op my lewe. Die tiener was duidelik verward: "Is dié dinge nog hoegenaamd nodig om te leer?" "Ek meen, vir wie het dit nog waarde én is dit waar? Indien dit nie waar is nie, hoekom hou ons dit in die Bybel? En dit wat my die meeste pla, hoekom volg ons dit nie meer na nie, Nico?"

Die tiener verwys na die gedeelte in Levitikus, spesifiek na die gedeelte waar sekere diere nie deur die Israeliete geslag mag word nie, onder andere die klipdassie, die haas en ook die vark. En so gaan die lys voort: alles in die water wat geen vinne of skubbe het nie, seemeeu, valk, naguil, volstruis, kraai, aasvoël, hoep-hoep, vlermuis...

"Wie wil buitendien 'n aasvoël of vlermuis eet?" vra die tiener vir my.

'n Voorlopige antwoord is dat sekere beginsels hier te sprake is, onder meer dat God ook die liggaamlike welsyn van sy mense belangrik ag. In 'n primitiewe gemeenskap soos die trekkende Israeliete wat sonder moderne middels teen infeksie moes klaarkom, moes diere wat bekende pesdraers is, liefsvol by die kospotte vermy word. 'n Honger woestynbewoner kon dalk 'n lekker vet aasvoël in 'n strik vang en voor die versoeking swig om dit kieme-en-al te braai.

Maar is die Bybel nie oud-modies nie, vasgevang in omstandighede van drieduisend jaar gelede geheers het en vandag geen vraagstuk meer is nie? Op sekere sake in die Ou Testament is dit baie Christelik nie, soos die straf van 'n seun wat "koppig en wederstrewig" is: "al die manne van sy stad moet hom stenig, dat hy sterwe" (Deut. 21:21).

Daarby word vandag se kwelvrae nie eers in die Bybel genoem nie: genadedood, verlenging van lewe, neutronbom, stakings, die Pil, menswaardigheid. Dit laat sommige mense beweer dat die Bybel in sekere opsigte net so min geld soos Jan van Riebeeck se kaart van Kaapstad om 'n hedendaagse toeris te help om 'n adres op te spoor.

As dit nie verwarrend genoeg is nie het baie mense ook deur die eeue nuwe "Levitikusse" geskryf, nóg wette, nóg gebooië – ellelange sondelyste waarvoor daar geen Bybelse gronde eers bestaan nie. Dossyne "moets" en "moenies."

Met 'n bietjie oplees het ek agtergekom dat alles wat in die verlede as "pret" beskou was, verkeerd was. Dit was sonde om op 'n vriend se gesondheid te drink, om 'n snaarinstrument te bespeel (behoede my!) én om kuns te bekyk was ook sonde.

William Barclay meen dat hierdie sienings iets negatiefs in die godsdiens ingedra het wat tot vandag toe nog nie herstel het nie – al is dit 'n postmodernistiese tyd.

Die vraag is hoe moet 'n Christen sy of haar weg vind tussen al die wette deur wat nie meer vandag van toepassing is nie? My oortuiging is dat tussen al die wette, gebooië en reëls bly die belangrikste om aan Jesus Christus vas te hou. Hy het op 'n dag 'n klomp mense na hulle asem laat snak deur gebruike wat géén meer sin gehad het nie (nie met 'n vrou praat nie, nie aan 'n melaatse te raak nie, nie op die Sabbat te genees nie.) eenvoudig te ignoreer.

Maar Jesus het nuwe inhoud aan die Wet gegee en die klem van "moenie" na "moet" toe verskuif: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart. En jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Eenvoudig: ere aan God, liefde tot die naaste en selfrespek.

En in Jesus se "moets" is die wette van die Ou Testament ten minste 'n belangrike leidraad: nie om kinders te stenig nie – Jesus het immers selfs die vloek geword op Golgota en die doodstraf vir alle gelowiges gedra.

Ons lewens vandag verskil radikaal van dié mense van drieduisend jaar gelede wat besonderhede betref, maar die beginsel van "voorkoming is beter as genesing" is vandag vir ons nog net so geldig.

Die ernstige opdrag van "stenig die seun" toon aan hoe ernstig God dissipline beskou. Daarom kan die voorskrifte maar nie net bloot weggelaat word, omdat die besonderhede van ons tyd verskil nie.

Tieners vra dikwels of God hulle sal straf vir dit of vir dat... daar is 'n klomp redes aanvoerbaar. Dis 'n verkeerde benadering. Ons moet nooit vergeet dat die mense van die Ou Testament onder die verskriklike bedeling van die Wet gelewe het, terwyl ons as Nuwe Testamentiese mense onder die bedeling van genade leef. My vraag is hoe sal ons die genade verstaan as ons nie die Wet ken nie? Hoe sou ons geweet het wat in die huis van Jairus gebeur het of vir die vrou wat aan Jesus se soom van sy kleed raak? Volgens Levitikus 15 durf sy nie aan Hom te geraak het nie, en was Hy daarna as onrein gesien. Hy was nié, en rep dit nie eers nie: getuienis dat die genade en die vergifnis volkome is.

Dit is so waar dat die Bybel nie vir ons maklike uitkomst uit die moderne mens se dilemmas bied nie, maar in die ondersoek van die beginsels wat onderliggend aan die Bybelse wette lê, mag daar vir ons menige lig opgaan. Selfs diere word deur die wette beskerm. En die een wat byvoorbeeld die genadedood goedpraat, of aborsie, moet deeglik gaan oorweeg hoe dit met: "Jy mag nie doodslaan nie" rym. En dit beteken nie ek lees die Bybel fundamentalisties nie.

Baie van die ou beginsels maak opnuut sin, byvoorbeeld: "Die dagloner se loon mag by jou nie tot die more bly nie. Jy mag 'n dowe nie vloek nie, en voor die blinde geen struikelblok plaas nie; maar jy moet jou God vrees. Ek is die HERE" (Levitikus 19:13-15).

Die laaste frase bepaal duidelik waaroor alles gaan: ere aan God!

'n Mens beskerm die een wat jy liefhet, met of sonder reëls. Tussen my en my vriend bestaan geen geskrewe of ander wette waaroor ons albei vooraf ooreengekom het nie, maar ons weet instinktief én deur mekaar te leer ken, wat in ons vriendskap mag en nie mag nie. Dieselfde beginsel geld tussen ons en God wie se Naam Liefde is.

As ek die Here baie liefhet, sal sy Gees my onderrig in die waarheid, sy Woord sal my lei, sal ek leer om ook die wysheid van vroeë wette in te sien en soos Jesus op te tree... Die Een wat na die wêreld gekom het, om dit te red.